

Algemene opmerkings

Oor die algemeen het die leerders nie die vrae gelees nie en het dus nie geantwoord wat gevra is nie.

- .- Baie leerders het nie die instruksies gevolg nie.
- .- Leerders het nie leesbaar en netjies geskryf nie.
- .- Sommige vrae is verkeerd genommer en dan het die leerder die punte verbeur!
- .- Vrae is swak gespaseer, bv. Elke vraag is nie op 'n skoon bladsy begin nie en lyne is ook nie oopgelaat tussen die vrae nie.
- .- Eenwoord-antwoorde is ook gegee waar daar 'n verduideliking nodig was.

VRAAG 1 EN 2 (KORT VRAE)

- .- Die vrae is oor die algemeen goed beantwoord.
- .- Baie leerders laat egter nog steeds spasies oop.
- .- Sommige leerders gee twee kruisies waar slegs een kruisie nodig is.
- .- Leerders sukkel met die vrae wat die vakterminologie toets!!

VRAAG 3

- 3.1 Evalueer beteken swak of goed (positief of negatief).
 Leerders moet die woorde "goeie/swak variasie" gebruik en dan TWEE voorbeelde vanuit die gegewe spyskaart gee om dit te staaf.
 Baie min leerders kon BALANS evalueer, want hulle weet nie wat dit beteken nie [Hulle het verwys na tekstuur, voedselgroepe, nutriënte, ens. in plaas van LIG vs SWAAR!]
- .- Die evaluering moet ook nie weerspreek word nie bv. As daar 'n goeie kleurverskeidenheid is kan die kleure nie beskryf word as vaal of oninteressant nie.
- .- Leerders moet ook spesifieke geregte noem, nie te veel groen nie maar groen in spinasie EN groenslaai
- .- Die leerders is nie vertrouwd met die evaluering van balans nie Dit verwys na hoe swaar of lig 'n gereg is, bv sop is 'n swaar gereg en die roulade, groenslaai is lig.
- 3.2.1 Goed beantwoord.
- 3.2.2 Leerders weet nie wat 'n liaison is nie. Dus kan hulle nie die bestanddeel identifiseer nie.
- 3.2.3 Leerders weet nie wat die verskil is tussen 'n bykomstigheid en garnering nie.
 By bykomstighede word baie speserye genoem.
- 3.3 Leerders het nie vraag uit die punt van geskiktheid tov maak van sop en die gevare random dit beantwoord nie, maar oar al die voordele van die gebruik van die hooikis of verduidelik hoe die hooikis werk.
- 3.4.1 Redelik goed beantwoord, behalwe vir die "verhouding van die bestanddele verander" wat nie hier 'n invloed het nie.
- 3.4.2 a) Gebruik die woord "swaar" i.p.v groot stukke vrugte
 Nie bewus van die proteolitiese ensiem wat in kiwivrugte is nie.
 b) Baie leerders verwys na die voorbereiding van die vorm.

VRAAG 4

- 4.1 Swak beantwoord. Meeste van die leerders het geen idee wat 'n roulade is nie.!!
- 4.2.1 Redelik goed beantwoord
- 4.2.2 Meeste leerders dompel dit in kookwater maar vergeet dan om tweede deel te noem nl.dit daarna in yswater te dompel
- 4.2.3 Meeste leeders gebruik die word dreineer in hulle verduideliking of skryf dat die water uit die spinasie verwyder word en die klink of dit ontwater is.

- 4.3 Leerders ken STEEDS nie die voedselsisteme nie.!!
- 4.4 Goed beantwoord. Sommige leerders pas die afskerming van die stysel toe t.o.v. pasta en nie die maak van 'n raux sacs in die reseps voorgeskryf nie.
- 4.5.1 Min leerders het die vraag korrek beantwoord deur kennis van die samevoeging van eier en warm stysel toe te pas.
- 4.5.2 Goed beantwoord!
- 4.6 Min leerders het geweet hoe om 'n roulade voor te berei.

VRAAG 5

- 5.1.1 Vraag is nie goed beantwoord nie aangesien leerders na vorige jare se vraestelle se antwoorde verwys het wat nie relevant was nie. Leerders het ook nie die redes volledig gestaan nie. Daar word spesifiek gevra om te verduidelik en dan word net een woord antwoorde verskaf.
- 5.1.2 Leerders verwys na algemene dieetsiektes en nie na die dieetverwante siektes tov van vetsug nie.
- 5.2 Weer eens is gevra vir verduidelikings en is een-woord antwoorde gegee.!
- 5.2.1 Goed beantwoord, leerders het relevante antwoorde gegee.
- 5.3. Leerders het die vraag geëvalueer t.o.v. voedselgroepe en nutriënte en nie t.o.v. die geskiktheid vir KIND wat aan VETSUG ly nie.
Leerders evalueer nie die dieet nie, maar maak voorstelle oor hoe om dit te verbeter i.p.v. om kennis toe te pas!

VRAAG 6

- 6.1 Baie leerders het nie die gesinstipes/stadiums geken nie en skryf nie gesin met tieners nie, maar "t tienerstadium"
- 6.2 Goed beantwoord
- 6.3 Beantwoord die vraag verkeerd aangesien hulle na ontwikkelingstake vir die hele gesin verwys en nie spesifiek vir die stadium waarin Sarah met haar kind is nie.
- 6.4 Weereens in algemeen verwys en nie na Sarah se houding nie. Leerders gee ook een woord antwoorde en verduidelik nie. Let daarop dat elke antwoord 2 punte tel.

VRAAG 7

- 7.1 Redelik goed beantwoord, behalwe dat leerders skryf "die vertrek groter lyk" i.p.v. die "illusie van ruimte word geskep"
- 7.2 Leerders het nie die aktiwiteitsareas genoem nie, maar vertrekke! Leerders kon nie voorstel maak oor die plasing van die vertrekke nie.
- 7.3 Leerders ken nie hulle kleurharmonieë nie en baie leerders sukkel met voorbeelde van warm vs koel kleure.
- 7.4 Algemene veiligheidsmaatreëls is genoem ipv dat dit toegepas is op die veiligheidsaspekte van toepassing vir die inrig van badkamer vir 'n gestremde.
- 7.5 Leerders gee antwoorde in verband met manier om ILLUSIE van warmte in vertrek te skep en om hulself, en kom nie by die werklike antwoorde en maniere om 'n vertrek te verhit/warmer te maak uit nie.

VRAAG 8

- 8.1 Leerders ken nie die voordele nie en skryf eie idees neer of die stappe in die begroting.
- 8.2 Goed beantwoord.
- 8.3 Leerders ken slegs een verskil tussen lewenspolis en uitkeerpolis en weet nie werklik waarom dit die beste keuse is nie.
- 8.4 Swak beantwoord. Evalueer nie die projek t.o.v. waarde en uitvoerbaarheid nie.

VRAAG 9

- 9.1.1 Goed beantwoord.
- 9.2 Leerders ken nie die werkseise nie en kan dus nie die voorbeelde identifiseer nie.
Let daarop dat die vraag verwys na HANNAH se werkseise!

- 9.3.1 Leerder skryf nog steeds die hierargie in die verkeerde orde. Bv nr 1 as selfverwesenliking Gebruik nie korrekte benamings.
- 9.3.2 Die leerders het die voorbeelde SWAK beantwoord aangesien daar nie verwys is na die behoeftes wat nog NIE bemeester is nie , maar na algemene voorbeelde. Let ook daarop dat die vraag verwys na SARAH se behoeftes!
- 9.4 Leerders ken nie die stappe in die besluitnemingsproses nie!
By die evaluering noem die leerders weer die voor- en nadele.
Leerders skryf antwoorde in toekomstige tyd en nie in verlede /teenwoordige tyd nie. Onthou evaluering vind plaas nadat die besluit uitgevoer is. Vermyn woorde soos "kan", "wil", "gaan".

ALGEMEEN:

Leerders ken nie hul werk nie en 'n mens wonder soms hoekom die hele klas dieselfde foute begaan. Sommige leerders het nie die insig om in die HG klas te wees nie.

Daar is nog steeds leerders wat nie hul vroeë goed lees en verstaan nie, dit bly 'n baie ernstige probleem.